

Nuusblad van Negester Klein-Kariba  
Jaargang 4 No. 9 September 2022

## Wysheid of Grysheid

Ek het onlangs weer 'n stuk musiek van Sir Laurence Olivier gehoor waarvan ek al byna vergeet het, maar voor ek daarby kom, net so stukkies agtergrond oor Sir Olivier. Baie mense sal hom onthou as 'n akteur, ek moet eerlik wees, dit was voor my tyd, maar my goeie vriend Google kon my help hiermee. Sir Laurence het bekendheid verwerf (soos dit 'n Britse akteur betaam) met rolle uit Shakespeare se bekende boeke, spesifiek die trilogie Henry V, 1944; Hamlet, 1948 en Richard III, 1955 en dan natuurlik ook die bekende Wuthering Heights in 1939. Hy ontvang Oscars as akteur en regisseur, sowel as 'n Ere Oscar vir sy lewenslange bydrae tot die kunstewêreld. Sir Laurence se grootste liefde was egter teater en verskeie van die toneelstukke is later verfilm. Hy word in 1947 tot ridder geslaan, in 1970 word hy Baron Olivier van Brighton en in 1981 is die Meriete Orde ook aan hom toegeken en net so terloops, hy was ook vir 20 jaar met Vivien Leigh van "Gone with the wind" faam getroud.

'n Mondvol en ek het nog nie eers uitgekome by dit waaroor ek wil praat nie. Soos genoem, was hy baie lief vir die teater en was betrokke by 'n musiekblyspel: "The Time Lord" van die 1970's deur Soames en Daniels. Die musiek wat ek hierbo genoem het, kom dan ook uit hierdie blyspele en die naam daarvan "Time", of soos dit later bekend geword het, "The Theme of Time". Ek wil graag die woorde van die lied met julle deel:

### Time

*"Stand before me on the sign of infinity,  
All you of the earth.  
With the granting of the law of provination,  
Comes the application of change.  
I will give you the key.  
And with this knowledge, please realise  
Comes the responsibility of sharing it,  
I will show you the way...  
It is very simple.  
Throughout the universe there is order,  
In the movement of the planets, in nature  
And in the functioning of the human mind.  
A mind that is in its natural state of order,  
Is in harmony with the universe  
and such a mind is timeless.  
Your life is an expression of your mind  
You are the creator of your own Universe –  
For as a human being, you are free to will whatever  
state of being you desire through the use of your  
thought and words  
There is great power there.  
It can be a blessing ... or a curse-  
It is entirely up to you  
For the quality of your life is brought about by the quality  
of your thinking –  
Go forth ... with Love.*



*Think about that.  
Thoughts produce actions-  
Look at what you're thinking  
See the pettiness ... and the envy and the greed and  
the fear  
And all the other attitudes that cause you pain and  
discomfort  
Realise that the one thing you have absolute control  
over  
Is your attitude  
See the effect it has on those around you.  
For each life is linked to all life  
and your words carry with them chain reactions  
Like a stone that is thrown into a pond  
If your thinking is in order,  
Your words will flow directly from your hart  
Creating ripples ... of love  
If you truly want to change your world, my friend  
You must change your thinking.  
Reason is your greatest tool,  
It creates an atmosphere of understanding,  
Which leads to caring which is ... love  
Choose your words with care,*

Ria

Kan ek jou vra om asseblief na die musiek te luister.

Google net "The theme from Time".

# Omgewingsdag 10 September

Wat 'n heerlike Negesterdag. Die omgewingsbewaringsgroep reël hulle eerste **omgewingsdag** met uitgenooide en in-huis sprekers. Richard Wadley vertel ons meer oor die geskiedenis van die Waterberge, die lae inwonergetalle van ver in die geskiedenis tot in vandag se tye, interessante geskiedkundige inwoners, rotskuns, trekkersroetes om die gebied, grafte van byvoorbeeld Jacoba Johanna Carolina Potgieter, Swaershoek, Makapangrotte, "Groot Freek" en die slag van Zandfontein. Ons hang behoorlik aan sy lippe oor dié area se ryke geskiedenis. Die gebied se geweldige biodiversiteit met meer as 300 spesies struik en bome en meer as 450 voëlspesies, word maar net aangeraak. Warwick Tarboton lig ons in oor die wilde blomme wat in die Waterberge en omliggende area voorkom en stel ons aan sy uitnemende webbladsy <https://www.waterberg-bioquest.co.za/> bekend. Die prag en praal is verstommend en word pragtig visueel deur sy fotografie uitgebeeld. Hy vertel ons ook van kort uitstappies in die area om dié wêreld te verken en ons eie te maak. Ons eie Arrie lig ons in oor die dierelewe op Negester en Dawie, ons Landgoedbestuurder, vertel meer oor die wildbestuurplanne. Die dag word uitstekend bygewoon en was deur en deur die lang sit werd.



Daar word ook struik, deur van ons inwoners, geplant wat almal geborg is deur Negesterre.



Stalletjies word ook goed ondersteun en sluit in: worsbroodjies deur ons eie tafeltennis-span, tee en koffie met 'n soete verleiding deur nog 'n staatkraak-inwoner span, heerlike Negester tuisgebak, bonsai-boompies en orgideë, asook 'n verskaffer van sonkrag.



Daar word heerlik na die tyd gekuier en gebraai en Negester inwoners maak musiek wat die voete vinnig laat jeuk, ons sing ook lekker saam aan ou bekende liedjies met ons eie inwonerbegeleiding. Voorwaar 'n dag wat nie gou vergeet sal word nie. Dankie aan die OBG, kantoorpersoneel en elke inwoner wat die dag so spesiaal gemaak het.

Des





**Smart  
Vision  
Solar**

**Groothandelaar  
en  
Installeerders  
van  
PV Sonkrag Stelsels**

**Kontak  
Willy 078 364 1416**




## Stywe lyne ...

"I am not retired; I am a full-time fisherman."

Woensdag 10 Augustus '22 was die manne besig met 'n bymeekaarkom waar alle logistieke reëlings rondom die eerste Negester Hengeldag bepraat is.

Woensdag 17 Augustus '22 om 07:00 staan ons by Metsi-Metsi. Agt hengelaars en twee gaste het ook saamgekuier.

Die natuurskoon was pragtig, met ons aankoms was ons begroet deur niemand anders as kameelperde nie. 'n Mooi skoon hengeloewer met alles wat 'n man nodig het om 'n heerlike dag te hê!

Groepies-groepies en saam-saam het ons hengelgereedskap opgestel, gelag, gekuier, wenke gedeel en sommer net geniet so tussen die etery deur. Ons het natuurlik ook "koffie" gedrink soos dit 'n visserman betaam.

Ja! Die water was nog koud. Die vis hou nog winter, maar ons is gebyt deur hengelkoors.

Teen 15:00 se kant was die laaste manne oppad huistoe.

Ek hoop jy het nou intussen ook jou hengelgerei begin regkry.

Hoor hier...ons volgende uitstappie gaan beplan word.... hou dop.



As jy nog nie deel is van die Negester Hengelgroep nie...ai, ai!

Kontak vir: Cassie Walkers (337)

Sel: 079 515 5568

Huis: 014 736 2684

Dalk is jy ook lus om deel te word van ons groep, maar jy het nie die hengelgereedskap nie, of net min. Moenie daarvoor wegsgram nie. Kontak my steeds.



Ons kan help!

Moenie dat dié geleentheid wegkom, soos die grote wat jy al voorheen verloor het nie!

Cassie

(Hengelkoördineerder)



## Boererate

Papaja

Die skil, pitte en vleis van 'n papaja kan gebruik word:

Papajasap:

Baie goed vir jou maag/maagsere.

Maak vleis sag deur papaja daarvoor te rasper.



# 'n Boodskap uit die landgoedkantoor



Dagsê aan al ons Negesterre.

Geel, rooi, pers, pienk... 'n kaleidoskoop van kleure versier op die oomblik die hele omgewing en in Negester word dit nog meer beklemtoon in almal se pragtige tuine, ja verseker, die lente het gearriveer.

Omdat ons in die lente is, gee ons tans baie aandag aan die voorbereiding van tuine, grasperke en areas waar ons gaan rehabiliteer. Baie van ons oop erwe waarop nog nie gebou is nie, word tans gesny om die brandgevaar te verminder en die netheid van ons oord ook op te skerp. Sekere groen areas tussen huise sal ook gesny word en die gras sal verwyder word sodat ons dit weer kan gebruik vir die wild se voeding. Tans word addisionele lekke en pille uitgesit vir die bokke as 'n byvoeding, dit help sodat die natuurlike grasse beter verteer word.

'n Addisionele 250 geel bordjies is op die heining aangebring om mense te waarsku dat die heining geëlektrifiseer is en ook om aan al die wetlike vereistes te voldoen.

Die erosie bekamping is goed op dreef en dit behoort voltooi te wees voordat die volle reënseisoen op hande is.

Die laaste gedeelte van die jukskeibane wat geplavei moet word, sal in September voltooi word.

Die boukontraakteurs is lekker besig en tans is daar 14 huise in aanbou.

Ek het alreeds 'n paar slange verwyder, dit raak nou weer warm en hulle sal bietjie begin rondbeweeg. Wees maar op die uitkyk vir die lang manne.

Onthou: *Moenie dat gister te veel van vandag opneem nie.*

Vriendelike Groete

Dawie van Niekerk (Landgoedbestuurder)



## NOODNOMMERS

<b>Ambulansdiens Life 24</b>	<b>082 040 5003</b>
<b>Brandweer</b>	<b>014 736 8000</b>
<b>Polisiediens</b>	<b>014 736 9760/1</b>
<b>Stasiebevelvoerder</b>	<b>082 565 8512</b>
<b>Sigbare polisiëring</b>	<b>082 414 2704</b>
<b>Speurtakhoof</b>	<b>082 319 9336</b>
<b>HD Elektries (Dirk)</b>	<b>083 660 0319</b>
<b>Loodgieter (Eric)</b>	<b>083 281 7789</b>
<b>Suster Delia</b>	<b>082 494 2717</b>
<b>Landgoedbestuurder (Dawie)</b>	<b>071 734 3618</b>
<b>Hospitale</b>	
<b>Provinsiale hospitaal</b>	<b>014 736 7300</b>



Enige bydraes vir Sterrelig kan ge-e-pos word aan:  
[sterrelig9ster@gmail.com](mailto:sterrelig9ster@gmail.com)



**9'e sterre neem deel in Sterrelig!!!**  
Dankie vir al die "outeurs" in Sterrelig!  
As jy nog nie jou storie/artikel met ons gedeel het nie,  
dan is dit nou jou kans....

# STOKPERDJIES

(Cobus Oosthuizen)

'n Belangstelling word beskryf as iets waaroor of waarvan mens meer wil weet, terwyl 'n stokperdjie 'n liefingonderwerp of aktiwiteit is. Die twee kan ook soms gekombineer word en kan dus baie na aan mekaar wees.

Plante en spesifiek, vetplante, het aan die einde van my laerskoolloopbaan my belangstelling in so 'n mate geprikkel dat dit vandag nog my stokperdjie en belangstelling is. My versameling vetplante bestaan uit 'n verskeidenheid en is nie net 'n plant wat ek voor my sien nie. Die naam, herkoms, identifisering, voortplanting, kweking, verplanting ens. hou my verstand besig en ek geniet dit om verder navorsing te doen. Die verskeidenheid vetplante en hoeveelheid inligting, is verstommend. Ek het heelwat boeke oor vetplante en lees en gebruik dit graag vir naslaanwerk en uitbreiding van my kennis. Bykomend het Google nog meer wêreld oor vetplante vir my ontsluit. Hierdie stokperdjie is vir my baie terapeuties en ek geniet dit om selfs net aan hulle te vat, om die blaarstruktuur te voel, of van baie nader te bestudeer.



Een van my vetplante 'n Pleiospilos bolusi in blom.

My volgende belangstelling is: metaalwerk. Dit is vir my 'n baie harde, maar interessante medium om mee te werk. Ek het van laerskool af van kuns gehou, maar nooit formele onderrig daarin ontvang nie. Ek geniet dit om skeppend te wees en kan met metaalwerk my inisiatief gebruik om kleiner dekoratiewe items te maak. Hierdie belangstelling het sedert ons hier by Negester ingetrek het, al sterker by my ontwikkel en na vore gekom. Ek geniet elke oomblik van die proses in die maak van 'n item tot my uiteindelijke tevredenheid en genot met die voltooiing daarvan. Dit is vir my interessant en opbouend om op YouTube al die mense se metaalwerkidees en –tegnieke te sien en ek het al 'n paar daarvan getoets en gebruik.



'n Klein Cobusmodel Howitser.

Laastens is digkuns my verdere belangstelling. Ek hou van gedig- en boekvoorlesings, om dit self te lees en soms waag ek dit om iets te probeer skryf. Soms wil die skryf van 'n gedig glad nie vorder nie, ander kere kan ek nie voorbly nie. In my geval het ek tot die slotsom gekom dat ek nie spontaan kan gaan sit en begin skryf nie. Ek moet iets sien, beleef of aan iets dink wat my prikkel om te skryf – die Muse moet eers begin werk.

Ry jou stokperdjie op volle galop.  
Dis pure plesier, dis lekker genot!  
Mag hy elke dag nog hoër skop!

**Cobus**



'n Koffietafel bundel wat ek privaat laat druk het.

## NOU...

nou toe

**Afrikaanse spreuke en uitdrukings:**

Sê groete vir oom Daantjie.

**Betekenis:**

**Afrikaans:** Laat ons daarmee ophou.

**Engels:** Let's drop the subject, that's enough...

## **Met Dapper & Stapper – Visrivier**



Wat 'n voorreg om vir die tweede maal hierdie strawwe, maar tog ook asemrowende roete, te kon stap. Na voorbereiding van omtrent 3 weke deur Ne9ester se strate, met 'n sak klippe (17kg), het die dag uiteindelik aangebreek en sak 2 manne en 'n 14 jarige seun af na die Visrivier vir nog 'n avontuur.

My stapgenoot stap hierdie roete vir die 25ste keer, dus is hy in beheer van alle kos- en alle vooraf beplanning. Hy speel nie met gedroogde- en poeier kossies nie. Ons eet elke dag soos konings: hoenderschnitzel, vars groente, sirloin steak, mash, kerrie en rys. Na elke dag se harde stap, verras Francois weer met 'n wonderlike ete en selfs 'n glasie wyn om dit mee of te spoel. Hy glo mens moet dit ook kan geniet en nie net hard werk nie.

Met die eerste dag se afsak in die canyon, ontmoet ons twee manne wat nie meer op die hoofroete is nie. Ons bied hulp aan en ontdek dat die een, nadat hy onder gekom het, skeef op 'n klip getrap het en sy enkel gebreek het. Hulle wag toe al 'n dag en 'n nag vir die noodhelikopter van Windhoek af. Ons het later verneem dat hulle 'n verdere dag en nag moes wag. So iets kan met enigiemand gebeur en is maar 'n risiko wanneer 'n mens hierdie tog aanpak.

Die rivier was gelukkig nie in vloed nie en ons kon oral deurstap, waar ons met die vorige keer omtrent 11 keer deur die water moes gaan. Elke keer behels dit voorbereiding soos: stewels uittrek, alles waterdig maak, net om 'n entjie verder deur dieselfde proses te gaan. Wat hierdie keer egter anders gemaak het, is dat jy droog deurstap, maar konstant oor groter en kleiner klippe jou weg moet baan, wat sy eie uitdagings bied.

'n Jakkalsie het ons pad gekruis, wat volgens Francois 'n rare verskynsel is, aangesien dit die eerste keer in sy 25 stappe is dat hy een sien. Ons was egter nie gelukkig om die wilde perde wat daar voorkom, te sien nie. Op dag 3 bereik ons 'n graf van ene Thilo Trotha wat in 1905 gesneuwel het tydens die Duits-Herero konflik wat geduur het vanaf 1904 – 1907.

Iets wat my altyd sal bybly is die ongelooflike sterrehemel, aangesien ons nie in tente geslaap het nie, maar in die oopte. Op dag 3 was dit volmaan en kan 'n mens nie glo hoe helder dit dan is nie.


Iemand het as 'n grap 2 waterkrane op verskillende plekke op die roete tussen die klippe geplant. Dit lok verbasing uit by baie stappers totdat hulle besef daar kom nie 'n druppel water uit nie.

Die landskap van Namibië is ru, maar beeldskoon en daarom kom stappers weer en weer terug vir hierdie belewenis. Vir hulle bly dit die moeite werd om hierdie klipharde wêreld in bewondering te kom verken. Wat 'n voorreg!



Albert

### **LAG 'N SLAG**



#### Muisjagter:

Kosie: “Die muis het in die melkemmer geval!”

Ouma: “Wat het jy toe gedoen?”

Kosie: “Ek het die muisvalletjie ingegooi”

## VARS GEDRUK...

Dis al lente en die bome bot. Dan is daar niks lekkerder as om op die koel stoep te sit met 'n indrukwekkende boek nie. DIE BOEK VAN DIE MAAND: Mentje kind van pas-opkamp.



As ons na die oorlog op tv-nuus kyk, weet ons regtig waardeur die inwoners van die land gaan. Lees gerus die boek om iets van die oorlog te ervaar.

Mentje, 'n negejarige dogtertjie, word alleen op 'n plaas agtergelaat toe die soldate haar pa vang en in 'n kamp opgesluit het. Mentje het gaan hulp soek by haar pa se vriend en die vat haar toe na 'n Joodse kamp, diep in die bos, waar die Jode vir hul skuilings gebou het. Na 'n ruk word Mentje na haar enigste oorlewende familie in Arnhem gestuur. Daar moes die familie ook op 'n tyd vlug toe die oorlog in die stad uitbreek. Mentje vat die familie na haar geboorteplaas terug. Daar het sy en die gesin gewerk en oorleef tot die oorlog verby is en die tante met haar kinders kon teruggaan Arnhem toe.

Mentje word aangeneem deur een van die soldate wat sy leer ken het, maar die soldaat bly op 'n plaas in Suid-Afrika. Mentje moet per boot en trein reis en so ontmoet sy nuwe vriende. Lees die boek om uit te vind of dit 'n gelukkige einde gehad het.

Groete van stoep tot stoep.

**Carol**



## Tong in die kies....

Nou dat die Britte weer so in die nuus is, somer iets oor die Rooi taal. Kyk, ons daar in die ou Wes-Transvaal, en veral in die verre weste, omtrent daar waar De la Rey en sy klompie burgers die Britte by Kraaipan voorgelê het. Voor daardie tyd het ons eintlik niks van Ingels geweet nie. Ons het dit nooit gehoor nie, wat nog te sê verstaan of selfs gepraat! Kort nadat Milner baas geword het, moes ons mos in die skool ook Ingels leer. Toe, daar so in standerd twee rond, hoor ek mnr. Vasië praat met mevrou De Lange Engels voor die klaskamer se deur op die stoep; Engels, seker dat ons nie moet verstaan wat hulle praat nie. En dan partykeer hoor ek mnr. Vasië sê: "A big upon," en dan herhaal mevrou De Lange wat sy gesê het. So lateraan het ek agtergekem "A big upon" beteken, sê dit weer. Nou vra ek jou: hoe kan "a big upon" ('n groot bo-op) beteken om te herhaal? Dis seker die Engelse se manier om mens deurmekaar te maak. Ek was al groot, seker daar in standerd agt rond, toe ek agtergekem het "a big upon" klink nes "I beg your pardon" as jy Engels soos 'n Engelsman praat.

Groetnis.

Oom Karel

Henk K

## Rocking Horse Kwekery

Wide range of trees, shrubs and succulents

Pop in to see our range

## SCHOEMBIE GARDENS

Now is the time to top your lawn and give the garden beds a boost

1 Cube = 14 wheelbarrows

1 bag = 1 wheelbarrow

Compost per bag R 50

Pig manure per bag R 30

Cube of compost / lawn dressing R600

Cube of pig manure R 350

Labour to spread or dig in R 100 per hour

(team of 3)

Contact: 064 318 0168 /064 342 3376



# S O R G S E N T R U M

**Tuisversorging is deesdae die voorkeurkeuse van versorging.**

## **Tuisversorging: Waarop moet 'n mens let?**

Aangesien tuisversorging 'n baie gespesialiseerde en unieke diens is waar die versorgers binne die bekende omgewing van die pasiënt se tuiste moet aanpas en funksioneer, moet 'n mens beslis jou huiswerk doen alvorens 'n tuisversorging-diensverskaffer gekies word. Daar is verskeie skuiwergate om voor uit te kyk. 'n Paar kwessies waarvoor duidelikheid gekry moet word, is:

- Het hulle 'n tuisversorging-praktyknommer om vir versorgers se diensure te kan eis by medieseskemas?
- Het hulle goeie verhoudinge met die medieseskemas asook inligting oor wat geëis kan word, aangesien die mediese skemas nie vir alle dienste betaal nie?
- Gaan die tuisversorging- diensverskaffer se diensrekord na, daar is baie swendelmaatskappye wat nie die nodige ondervinding of akkreditasie het nie, en dus ook nie hul versorgers nie.
- Voldoen hul dienste aan die voorskrifte van behandelende dokters en die unieke individuele behoeftes van die pasiënt?
- Die evaluasie of assessering wat uitgevoer word deur 'n geregistreerde verpleegkundige, voor die aanvang van diens, moet die boublokke wees waarop 'n individuele sorgplan uitgewerk en geïmplementeer word; maak seker die sorgplan bevat ook die familie se insette.
- Sorgplanne moet voldoen aan die beste wetenskaplik-gebaseerde kliniese riglyne; hiervoor kort jy ondervinding en kennis.
- Het die tuisversorging-diensverskaffer 'n pasiënt-sentriese benadering wat responsief is en die pasiënt en familie se voorkeure, behoeftes en waardes respekteer en kliniese besluite rig?
- Die tuisversorging-diensverskaffer moet 'n multidisiplinêre span hê wat na al die pasiënt se behoeftes kan omsien, aangesien die sosiale omstandighede in baie gevalle die sorg kompliseer.
- 'n 24-uur noodlyn is noodsaaklik sodat daar ondersteuning gebied kan word aan families en versorgers indien daar 'n noodsituasie sou ontstaan.
- Die versorger/s se bevoegdheid en opleiding is uiters belangrik – die persoon moet ten minste geakkrediteerde QCTO-opleiding as agtergrond hê.
- SANC-registrasie, indien jou versorger 'n ingeskrewe verpleegster of 'n ingeskrewe verpleegassistent is, is noodsaaklik.
- Word die versorger/s aan 'n kriminaliteitskontrole onderwerp?
- Prys speel uiteraard 'n rol, maar maak seker dat die versorger/s die minimum loon verdien en dat die maatskappy geregistreer is en hul SARS-verantwoordelikhede nakom. Oorhoofse kostes van 'n geregistreerde maatskappy kan soms bydra tot effe hoër dienskosies, maar dit is belangrik dat hierdie punte ondersoek word voor 'n keuse gemaak word.



Verskeie gesondheidstoestande kan suksesvol tuis hanteer word, dié konsep word by die dag meer gewild, omdat versorging binne 'n mens se eie woning 'n baie goeie en gerusstellende opsie is. Van die gesondheidstoestande wat suksesvol deur die regte tuisversorging-diensverskaffer hanteer kan word, is byvoorbeeld:

- aansterking en verdere rehabilitasie na 'n operasie;
- aansterking en rehabilitasie na 'n beroerte;
- toediening van binnearse medikasie;
- versorging wat ook koppeling aan 'n ventilator behels, nadat die toestand gestabiliseer is;
- versorging en verpleging van pasiënte met gevorderde lewensbedreigende siektes soos kanker;
- tengersorg vir bejaardes wat hulp met alledaagse lewensfunksies benodig;
- demensie-versorging (soos Alzheimer-siekte) in 'n bekende omgewing;
- wond Sorg.

Doen die nodige huiswerk voor 'n tuisversorging-diensverskaffer gekies word, prys bepaal nie alles nie. Die bogenoemde is baie belangrik om in plek te hê, aangesien daar met 'n persoon se lewe gewerk word. 'n Behoorlike verskaffer sal ook hul versorgers deurlopend indiensopleiding gee en dit is belangrik om te weet dat jy die beste moontlike versorging kies wanneer die opsie beskikbaar is. 'n Multidisiplinêre span verseker ook dat daar in al die behoeftes voorsien kan word en die individuele sorgplan is hier die bloudruk wat verseker dat al die versorgers die beste belange van die pasiënt op die hart dra.



Medwell SA spesialiseer in die voorsiening van bestuurde gesondheidsorgdienste as 'n alternatief vir langtermyn hospitalisasie en -versorging in gespesialiseerde sorgfasiliteite. Vir meer inligting besoek gerus [www.medwell.co.za](http://www.medwell.co.za) of stuur 'n e-pos na [info@medwell.co.za](mailto:info@medwell.co.za).  
 Hoop u vind die inligting insiggewend.

*Delia Venter*

(Gesondheidsorg Bestuurder)



## Wie kan ek kontak?

<b>KLINIEK</b>	<b>014-736-3364</b>	<b>014-736-2770</b>
<b>Nood-nommer</b>		<b>072 312 3499</b>
<b>Berading daaglik beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore)</b>		<b>014-736-2580</b>
<b>GROEPWERK (Annatjie Moore)</b>	<b>014-736-2580</b>	
<b>Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag)</b>	<b>014-736-2725</b>	

<b>Maak asseblief afsprake</b>		
<b>Maandae – Vrydae</b>	7h30-9h30	Kliniek
<b>Maandae</b>	7h30-9h30	Voetsorg
<b>Dinsdae</b>	7h30-9h30	Haarsorg
<b>Dinsdae</b>	7h30-9h30	Oudioloog (Elke 2de Dinsdag)
<b>Vrydae</b>	Middag	Fisioterapeut



**GESONDHEIDSORG OKTOBER**



# Voëls

## Interessante Bybelse inligting:

- Palestina is bekend vir sy rykdom aan voëls: 400 soorte en ondersoorte. Hul kan dan min of meer ingedeel word as volg:
  - 143 inheemse soorte
  - 58 soorte somergaste
  - 67 soorte wintergaste (die trekvoëls)
  - Dan ook nog die deurtrekkers-trekvoëls wat in die najaar en voorjaar tyd in die land deurbring.
- By die Dooie See en omgewing kom roofvoëls voor, maar die area is arm aan die voëlryk.
- As jy nou van 'n voëlparadys wil praat dan gaan jy na die Jordaanstreek. Hier vind jy ook volop water, baie struike en boomryke areas.
- In die Bybel word voëls en hul gewoontes baie keer as beeldspraak gebruik:

### Lees dan

Deut. 32:11 “Soos 'n arend wat sy kleintjies uit die nes uitskop, oor hulle fladder en hulle vang op sy vlerke wat hy oopsprei, soos 'n arend wat sy kuikens op sy vlerke dra, so het die Here,.... ”

Jes. 10:14 “Asof ek my hand in 'n nes steek, het ek die rykdomme van volke gevat; soos iemand eiers wat rondlê, bymekaarmaak, so het ek al die lande van die aarde onder my verenig. Nie een het 'n vlerk geklap of sy bek oopgemaak en geskree nie.”

Jes. 16:2 “.... want soos voëltjies wat rondfladder nadat hulle uit die nes geskop is, so drom die mense van Moab by die Arnon se driewe saam.”

Jes. 31:5 “Soos voëls beskermend oor hulle neste sweef, so sal die Here die Almagtige die skild oor Jerusalem wees;.... ”

Spr. 27:8 “Soos 'n voël wat sy nes net so los, so is 'n man wat sy gesin in die steek laat.”

Eseg. 17:23 “.... en in hom sal al die voëls woon; al wat vlerke het, sal in die skaduwee van sy takke nes maak.”

Eseg. 31:26 “Al die voëls het kom nes maak in sy takke, onder hom het al die wilde diere hulle kleintjies in die wêreld gebring en in sy skaduwee het al die baie nasies kom woon.”

Ps. 84:4 “Selfs 'n mossie het 'n nes en 'n swaeltjie 'n plek vir haar kleintjies daar by u altare, Here, Almagtige, my Koning en my God!”

Hoogl. 2:11-12 “Kyk, die reëntyd is verby, die reën is oor, dis weg.:12 Daar is bloeiesels in die veld, dit het tyd geword om te sing; die tortelduif se stem klink oor ons land.”

Matt. 23:37 “.... hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie!”

Die voëls wat in die Bybel voorkom kan in drie groepe verdeel word:

1. Vlieërs
2. Eienaars van vlerke
3. Gevleueldes

In die Ou Testament is voëls geklassifiseer as:

- “Screamers” bv. Roofvoëls en uile.
- “Twitterers” bv. Spreeus.
- “Onrein voëls” bv. Levitikus 11:13-19  
Deuteronomium 14 11 -20 (Die vlermuis genoem is natuurlik 'n soogdier)
- “Rein voëls” word nie gelys nie, maar net vermeld: Hulle is vegetariërs en dien as belangrike voedselbronne in verskeie omstandighede.

### Bronne:

Die Bybelse omgewing: L. Smith, J. Botha.  
Bybelensiklopedie: J. Visser.



# KORTTERMYNVERSEKERING VIR AFGETREDENES

AANGEBIED DEUR NSB



## WIE IS NSB?

NSB is 'n korttermynversekeringsmakelaar wat reeds meer as 24 jaar na kliënte se belange omsien.

Ons is kontraktueel met 12 versekeraars verbind om te verseker dat ons verskeie opsies kan bied om elke klient se risikoportefeulje te pas.

Ons lewer persoonlike diens en waarborg gemoedsrus.

Gespesialiseerde produkte en voordele vir u as afgetredenes.

**ONS WIL GRAAG MET U 'N AFSPRAAK REËL OM U PORTEFEULJE TE HERSIEN.**

Vir 'n gratis kwotasie SMS/WhatsApp gerus u naam en nommer na 066 286 0274.  
Voeg asb by u boodskap Negester.



### TROTS GEASSOSIEER



Glen Manor Office Park, Building 5, Office2  
138 Frikkie De Beer Street, Menlyn, Pretoria, 0063

Tel: +27 (0)86 184 3672

Epos: info@nsb.co.za

www.nsb.co.za

Volg ons op Facebook en Twitter

Gemagtigde verskaffer van finansiële dienste, FSP no: 16908

## Chris en Mariana van Biljon op die bank met Sandra



Telkens na 'n kuier by mede-Negesterre, is ek verwonderd oor die pad van die lewe. Mense gaan oor berge en deur dale en op die ou end werk alles ten goede mee. Chris en Mariana se lewenspad het hul met “Buffels”, ou lorries wat op genade by die regte bestemming uitgekom het en hospitaalbeddens tot by die grens en terug, deur mielielande, suikerriet-plantasies, piesangboorde, groentemarkte en kuikenhokke tot hier by Negester gelei. Soos baie van ons Negester-inwoners het hulle in die media van Negester gehoor, hul het in 2014 kom kyk, die opset het hul geïnteresseer, en op die regte tyd het hul begin bou en hul hier kom vestig.

Mariana is in Pretoria gebore, hul verhuis na Witbank in haar standerd vier jaar. Sy was in Laerskool Kragbron en Hoërskool Generaal Hertzog. Na skool het sy vir drie jaar verpleeg, waarna sy by die belastingkantore gaan werk het. Toe is dit tyd vir boer en kinders grootmaak. Nadat hulle hul in Krugersdorp gaan vestig het, werk sy vir 15 jaar by Burger Ceiling and Partitioning Distributors tot en met haar aftrede.

Chris is 'n boorling van Potgietersrus. Hul verhuis na Vierfontein in die Vrystaat toe hy maar een jaar oud was. Hy was in Ben Havemann laerskool op Vierfontein en matrikuleer aan Hoërskool Gimnasium op Potchefstroom. Na skool het hy vir diensplig aangemeld, hier het hy alle moontlike kursusse voltooi en sluit sy diensplig as luitenant af. Hy sluit by die kommando as deelydse soldaat aan, met die sluiting van die kommando's was hy tweede in bevel van Umkhombe-kommando op Mtubatuba met die rang van Majoor.

Chris en Mariana het vir baie jare geboer, eers met mielies op Nigel en later met suikerriet naby Mtubatuba in Natal. Na die 2007-vloede in Natal is hul genoodsaak om van werk te verander. Hul verhuis na Krugersdorp waar Chris begin werk by Wolfhart kleinveeplaas, 'n kommersiële eierboer. Vandaar is hy na die Astral-groep, van daar verskuif hy na CEVA Animal Health (Pty) Ltd, 'n farmaseutiese maatskappy, waar hy vir die afgelope 15 jaar werksaam is. Tans as sleutelrekeningbestuurder oor Botswana, Namibië en die nie-geïntegreerde braaihoender-mark in Suid-Afrika.

Mariana en Sandra was vriendinne en Mariana het by Sandra gaan kuier terwyl Chris haar gehelp het met die bou van vlotte vir 'n skoolkermis. So het Chris en Mariana mekaar ontmoet. Op daardie stadium het Chris op Nigel geboer. Hy het gereeld KJA-uitstappies meegemaak, en vertel van 'n uitstappie na Witbank dam, Mariana het saam met Inus gegaan, maar is saam met Chris terug huis toe. Dit was die begin van 'n wonderlike verhouding. Chris vertel: hy en Lourens, wat toe reeds aan Sandra verloof was, het een Sondag middag gesit en gesels toe Lourens vir hom vra waarom trou hy en Mariana nie sommer saam met hom en Sandra nie. Toe maak hul dit so werk en die vier hou 'n dubbele troue. Dit was 40 jaar gelede.

Chris en Mariana het drie kinders; Adel hou skool by Helpmekaar kollege in Johannesburg, sy het 'n seun en 'n dogter, Sonja, 'n laerskool onderwyseres by Klipfontein in Witbank, is getroud met Ferrand en hul het twee seuns. Hardus is 'n meganiese ingenieur op Lephale, hy is getroud met Handri, 'n graad twee onderwyseres, hulle is geseënd met twee seuntjies. Klein Ian is amper twee, hou hom gerus dop, hy is 'n klein Gary Player in wording.

Chris en Mariana is gesoute kampers, hul geniet dit om te stap, skyf te skiet en hul jag graag. Chris het verskeie Argus-fietswedrenne voltooi en Mariana is 'n kranige hand- en naaldwerkster. Sy het by die naaldwerk- en biokinetikagroepe ingeskakel. Hul is ook Wyn-vriende en sal graag by die Voël- en kampgroepe wil inskakel soos wat Chris se werk dit toelaat.

As mens by hul huis aankom kan jy sien dat hul baie lief is vir fauna en flora. Hul tuin is pragtig en hul geniet dit om na die voëls te kyk en te luister. Soos albei van hulle sê: “Hier by Negester kan mens absolute vrede vind, hier is fantastiese wonderlike mense, moenie toelaat dat negatiewe faktore en invloede jou van stryk bring nie, doen jou ding, wees wie jy is. Wees positief, lewer positiewe bydraes en moenie jou lewe versuur deur negatieweiteit nie. Skakel in by een of meer aktiwiteite.” Hul raad aan mense van buite: “Ja, dit gaan jou klomp geld kos om eers gevestig te raak, maar sodra jy gevestig is, kan 'n mens hier, binne jou vermoë, baie lekker lewe.”

# Hou jy van...lag, gesels en kuier...?

Op 6 September het ons, 'n groepie dames van Negester, "Die Lady Se Suitcase" gaan besoek, met die verwagting om ons talente te beproef.

Die tema: Om kosmos-blomme op 'n skinkbord te verf – so gepas met die aanbreek van ons lente.



Sandra van Wyk, 'Die Lady', is baie kunstig. Sy glo daaraan om niks weg te gooi nie. Haar hele huis is 'n belewenis om te sien, vol van haar eie kunswerke, wat sy van herwinbare materiaal gemaak het. So het ons almal met hierdie konsep in gedagte, 'n skinkbord ontwerp.

Die dag het só vinnig verbygegaan, want ons het geklets, geëet, geverf, geplak en so ook nuwe kennis gemaak.

Aan die einde van die dag, het elkeen besef – niks is onmoontlik nie. Verborgte talente is ontdek en elkeen het haarself beter leer ken.

Gigi.

\*\*\*\*\*

## Formidabele vrou



So vyf jaar gelede, toe die Füglisters by nr. 390 ingetrek het, was die bure nogal bekommerd want saam met hulle het twee groot bokserhonde ingetrek. Die bekommernis was gelukkig onnodig, want hulle het nie vir Ute geken nie! Sy was 'n honde-afrigter van formaat en die honde was 'n toonbeeld van gehoorsaamheid.

Sy vertel dat hulle altyd perdemense was, maar na nog 'n val in haar twintigerjare, het sy besluit dat 'n perd haar nie weer sal afgooi nie. Sy het haar aandag na honde verskuif en die intelligente, spelerige bokkers wat so lief is vir kinders, het haar passie geword. Sy en haar man, Franz, het verskeie Duitse bokkers ingevoer. Die laaste een, Haylee, was 'n Kanadees en was een van die twee wat saamgekom het Negester toe. So het 'n baie

suksesvolle telery ontstaan wat verskeie kampioene en selfs "Grand Champions" opgelewer het.

Ute het later voorsitter van die "Federation of Boxer Clubs" in S.A. geword. Intussen het sy haar as beoordelaar bekwaam, tot sy uiteindelik 'n amptelike FCI beoordelaar geword het. In 2019 is sy na Emden in Duitsland genooi om bokkers op 'n internasionale skou te gaan beoordeel. Sy het so goed gevaar dat sy weer gevra is om in Duitsland, hierdie keer in Aachen op te tree.

Op die 16e September is daar dus 'n Negesterretjie in Duitsland besig om "gestroomde" (briekwa) boksertewe te beoordeel. Wat 'n besondere prestasie!

Na die beoordeling gaan hulle bietjie by Franz se familie in Switzerland kuier.

Leonora



Skildery deur Anette Erasmus

\*\*\*\*\*

## KOPKRAPPER

Probeer om die volgende sin te lees.

MNS KN LS L S DR N VKL N. D STRRLG SL B KRTR WS S NS L D  
VKL WGLT. MSKN MT NS D VLGND TGW S SMSTL. WT S JLL?

Lees die volgende hardop en laat iemand luister wat jy lees.

DIE BOSVELD IN DIE DIE LENTE.

Henk Kruger



Om te adverteer in Sterreilig:  
E-pos vir Nellie Buitendag:  
[goempieb@gmail.com](mailto:goempieb@gmail.com)



# Sekuriteit

Parkeerareas/inkopiesentrums/winkels is groot en daar is dikwels baie mense....nie almal het goeie intensies nie...

## Parkeerareas:

- Moenie in donker, geïsoleerde areas parkeer nie;
- As jy in die aand moet uitgaan, beweeg verkieslik in goed verligte areas en ook waar ander persone is.
- Maak seker jy weet waar jy parkeer, kry 'n baken en onthou dit.
- Bêre belangrike artikels/inkopiesakke ALTYD in jou motor se bagasieruim, selfs al gaan jy “net vinnig” by 'n winkel in.
- Hou jou motorsleutels reeds byderhand wanneer jy na jou motor beweeg – moenie by jou motor eers begin soek na jou sleutels nie.
- Stap doelgerig na jou motor, sluit oop, klim in, sluit die deure en ontspan dan eers!

## Winkelareas:

- Stap met selfvertroue en wees bewus van wat om jou gebeur.
- Moenie groot bedrae kontant met jou saamdra/daarmee betaal nie. Betaal sover moontlik met 'n bank-/kredietkaart.
- Mans – Moenie jou beursie/selffoon in jou hemsak of broek se agtersak dra nie.
- Vrouens – Maak seker dat die ritssluiters/knipies van jou handsak, altyd toe is.
- Doen sover moontlik inkopies saam met 'n vriend/familielid.
- Hou jou inkopies naby jou/onder oë.
- Moenie dat onbeholpenheid met 'n klomp pakkies/oorvol trollie van jou 'n teiken maak nie – vreemdes wat uit die bloute uit aanbied om jou te help...
- Indien jy iets verdag sien, maak alarm. Sê vir die sekuriteitsbeamptes, die winkelbestuurder, ander kliënte rondom jou.
- Wees versigtig as vreemdelinge te naby aan jou verbybeweeg, teen jou stamp of skuur, oorvriendelik is of vra dat jy vir hulle bv. iets van 'n hoë rak moet afhaal.



© CanStockPhoto.com

Wees paraat en wees veilig!

Nood- en Sekuriteitsbelangegroep

**...Lag ... traan ...**

Die redaksie van Sterreilig is bly saam met die inwoners en personeel met wie dit voorspoedig gaan.

Ons harte gaan uit na die mense wat tans in nood verkeer.

## Spreuke uit C.J. Langenhoven...

### Kennis:

“Die onkundige man dink; die kundige man weet. Die onkundige dink dat hy weet; die kundige weet dat hy maar dink.”





# VETPLANTE IS MOOI EN INTERESSANT

## AANTEKENINGE OOR VETPLANTE.

### Algemeen.

1. Definisie: Vetplante is plante wat aangepas is om water in hul blare, stingels of wortels te stoor in tye van droogte of voorkom in streke waar minder water beskikbaar is.
2. Daar is ongeveer 10 000 vetplantspesies in die wêreld. Hiervan is ongeveer 4 600 in die Suider-Afrikaanse streek aangeteken.
3. Verder verteenwoordig vetplante sowat 20% van alle aangetekende plantspesies in Suid-Afrika.
4. Vetplante staan ook as sukkulente bekend en is van die Latynse woord "succus" afgelei wat "sap" beteken.
5. Kaktusplante se naam is van die Griekse woord "kaktos" afgelei wat "dissel" (doring) beteken.
6. Die opvallendste kenmerk van vetplante is dat hulle nie dorings het nie, terwyl kaktusplante dorings het. Die dorings kan groot en hard wees of korter, maar nog steeds duidelik sigbaar en maak hierdie plante altyd moeilik hanteerbaar.
7. Kaktusplante is nie inheems aan Suid-Afrika nie. Hulle is sedert die vorige eeu hoofsaaklik van die Suid-Amerikaanse lande af ingevoer.
8. Alhoewel Koedoelies (Adenium) dorings het, behoort hulle nie tot die kaktusfamilie nie, maar is wel inheems aan Suid-Afrika.
9. Die meerderheid Aalwyne het dorings, maar is ook nie 'n kaktus nie. Aalwyne is in 12 groepe ingedeel om identifikasie te vergemaklik. Honderd-vyf-en-vyftig spesies aalwyne kom in Suid-Afrika voor.
10. Alle lewende organismes soos: voëls, plante, diere, insekte en bome, is volgens 'n familie, genus, spesie en variëteit ingedeel. 'n Familie bestaan uit een of meer genera (meervoud van genus). 'n Genus bestaan uit een of meer spesies. 'n Spesie bestaan uit een of meer variëteite.
11. Familie: 'n Groep plante wat biologies verwant is en verder in genera (meervoud van genus) onderverdeel kan word.
12. Genus (mv. Genera): 'n Plantfamilie word in groepe wat na-verwant is, ingedeel. Elke groep staan bekend as 'n genus.
13. Spesie: 'n Groep plante wat onderling so nou met mekaar ooreenstem, dat ons hulle nie van mekaar kan onderskei nie. Saailinge van sulke plante besit dieselfde eienskappe as die moederplant.
14. Variëteit: 'n Plant of groep plante wat effens van ander lede van dieselfde spesie verskil, soos die blomkleur.  
Voorbeeld: Familie= cactus, genus= Opuntia, spesie= microdasy, variëteit= rufida
15. Kultivar: Is 'n variëteit van 'n plantsoort wat deur die mens geteel en gekultiveer is en dan as 'n sub-variteit bekend staan en nie in die natuur aangetref word nie.
16. Dis nie nodig om van die begin af die familienaam te ken nie. Begin deur die genus van die vetplant te identifiseer, bv. Gasteria, Haworthia ensovoorts. Moenie haastig wees nie, dit neem tyd om met gemak vetplante (en ander plante) te identifiseer en te onthou.
17. Probeer om die oorsprong van die plantnaam vas te stel. Dis baie interessant en stimulerend. Die naam word afgelei van Grieks, Latyn, persoon se naam, streek, eienskap of voorkoms van die plant.
18. Lees artikels oor plante in boeke en tydskrifte, Google, besoek die vetplantafdeling by kwekerye. Kyk na die naamplaatjies. Jy sal verbaas wees hoe gou jy die name leer ken.
19. 'n Paar handige en oulike webtuistes om te besoek is:  
Succulentalley.com  
Sheilamnursery.com  
Garieppplants.com (Hulle adres is Cliffendale rylaan 309, Faerie Glen, Pretoria)

### Kweking en versorging.

1. Vetplante kan deur saad of steggies (vegetatiewe vermeerdering) verkry word.
2. 'n Steggie is altyd 'n replika van die moederplant.
3. Plante wat deur saad verkry is, is 'n variëteit omdat die blomme van die moederplant bestuif is met stuifmeel afkomstig van 'n ander plant en dus nie meer die eienskappe van die moederplant het nie.



4. Oppas vir te veel water gee. Meer vetplante gaan dood as gevolg van te veel water as te min. Een maal per week of elke tweede week is voldoende.
5. Voel of die grond droog is en gee dan eers water. Die grond moet net klam wees.
6. Vetplante wat in potte gehou word, moet verkieslik elke drie tot vier jaar oorgeplant word. Gebruik een pot groter. Moet nooit die plante oorplant wanneer hulle dormant is nie. Die beste tyd is wanneer daar nuwe groei sigbaar is.
7. Gebruik grond wat maklik dreineer. Potgrond kan soms vinnig uitdroog of te lank nat bly.
8. Vetplante verkies half-skadu. Direkte sonlig kan baie nadelig wees en die plantblare brand.
9. Dit is nie nodig om bemesting/voedingstowwe toe te dien nie. Indien wel, gebruik eerder 'n vloeibare voedingstof. Dit sal nie die plantwortels brand nie.
10. Ondersoek gereeld die plante vir siektes, peste en behandel betyds.
11. Identifiseer jou moederplante en hou hulle eenkant. Dit is waar jy nuwe plantjies gaan kry wat jy wil verkoop of weggee.
12. Hou jou eksotiese (besondere) vetplante eenkant. Jy wil hulle nie sommer verkoop of weggee nie.
13. 'n Plek waar vetplante gehou word, is 'n aridarium en is van die Latynse woord "aridus" afgelei wat "droog", "dor", "afgesonder" beteken.

Onthou, vetplante is in alle opsigte jou belangstelling en stokperdjie. Dit moet vir jou plesier verskaf, ontspannend wees en nie 'n las wees nie.

Groetnis, van tuin tot tuin.

*Cobus Oosthuizen*



## Uit Grootjie se kombuis...

### Voorbroodjies:

Wat is "voorbroodjies" ouma?

Ouma glimlag en maak haar geheim bekend: Kinders is altyd hongerig voordat die braaivleisvuur nog eers amper gereed is om te begin braai. 'n Honger kind is 'n klaerige en onplesierige wesentjie. Daarvoor maak slim oumas planne. Om **die** huilende penarie vry te spring – hier is die Wenresep.

#### Bestanddele:

- 2 t droë gis
- 2 t heuning
- Ongeveer 3 k lout water
- 1 kg broodmeel
- 1 t sout
- 1 eetl. Sagte varkvet/kookolie



#### Metode:

Los die droë gis en heuning op in lout water.  
 Roer 1 eetl. v.d. broodmeel by. Bedek en hou warm om te gis.  
 Sif die meel en sout saam.  
 Maak 'n holte in die middel v.d. meel en voeg suurdeegmengsel daarby.  
 Knie goed deur – deeg moet van die hande afkom.  
 Voeg orige lout water geleidelik by terwyl jy knie.  
 Knie sagte varkvet ook goed deur.

Bedek en laat deeg rys.  
 Knie deeg af.  
 Sprei deeg oop op deegplank (strooi meel oor plank)  
 Sny deeg in klein porsies – druk plat.  
 Laat weer uitrys.  
 Sit broodjies op 'n rooster.  
 Braai oor die kole tot gaar.  
 Bedien met appelkooskonfyt.

**Kan jy al agter Ouma se geheime resep se naam kom, soos ons dit vandag noem?**

Blaai na bladsy 18 vir die antwoord.

**Gusta**



## Het jy geweet...?

### Doringbome

“Julle moet die ark van doringhout maak...”

(Eksodus 25:10)

“Akasia” ’n naam wat nêrens, in enige vertaling van die Bybel, gelees word nie. Tog was doringbome ’n baie belangrike houtsoort in die Midde-Ooste. Die Hebreeuse naam vir dié boomsoort is shittim. Hierdie naam word nie minder nie as 26 keer op verskillende plekke gebruik. Hierdie boom kom voor in die droër dele in die Suid van Israel en Egipte; *Acacia tortilis* en *Acacia seyal*.

Besaleël het die ark van doringhout gemaak. Hy het geweet hoe om die hout te behandel, hy het ’n ambag geleer in Egipte. Hierdie boomsoort se hout word ook in Israel gebruik om houtskool van te maak. Daar is geen direkte verwysing na die gebruik van akasias in die proses van die looi van velle nie, maar ons lees die woord “shitten” in Eksodus 25:5 in die Hebreeuse taal. Vandag word Wattelbos gebruik, ook ’n soort akasia. Velle wat daarmee gelooi word, het ’n rooierige kleur.

Wanneer ’n doringboom se tak deurgesaag word, merk jy die donker kern met ’n fyn grein; buite-om is die hout wit en sagter.

By ons is die bome die haak-en-steek. Dit groei met ’n pragtige gespreide kroon en dra ’n kenmerkende peul wat lyk soos ’n opgerolde spiraal.

(Erkenning: Bybelse Omgewing: L Smith en J Botha)

~Gusta~

## Lentetyd in Ne9ester

*1 September lentedagstap.*



Na die koue winter, is dit tyd dat die natuur weer lewe kry. Alles word groen en oral maak die blomme hul verskyning. Die voëltjies sing vrolik en die son kom vroeër op in die môre.

Die siklus van lente, somer, herfs en winter begin weer van voor af.

Die lente word besing in liedjies, volksliedjies en gedigte: “Dis heerlike lente, die winter’s verby!”; “Dit was lente in die Boland”.



*Hoe wonderlik het God sy skepping gemaak! Hier by ons, in die Waterberge, het die blompere die natuurprentjie begin inkleur. Die voëls het van iewers gekom, die vaalbome het hul pêrlmooi blaartjies begin vorm en die lekkerbreke het ook gewys dat hul deel is van die lenteskepping.*

Lente is ’n nuwe begin. Alles voel weer nuut en vars. “Al die veld is vrolik, al die voëltjies sing...”  
In die woorde van NP van Wyk Louw.

By Ne9ester het ons die lente binnegestap. Die groen karavaan se gratis pannekoeke was heerlik en ons is geseën met nog ’n nuwe pragtige seisoen. *Annamarie*



LEER KEN VIR...

## Solly Dlamini

**Verjaardag:** 9 Augustus.  
**Eggenoot:** Martha Mozwana  
**Kinders:** Kinalwe 25jr, Lesego 13jr.  
**Pos by Negester:** Assistant tegnies.  
**Beskryf jousef:** Solly is net Solly.  
**Gunsteling kleur?** Black.  
**Gunsteling sportsoort?** Gholf.  
**Sportheld:** Ernie Els.  
**Gunsteling kosgereg?** Braaivleis.  
**Gunsteling nagereg?** Enige.  
**Gunsteling TV-program:** Nuus  
**Wat is jou stokperdjies?** Houtwerk.  
**Waarheen gaan jy/ julle graag vir 'n wegbreek?** Letlamoren dam.  
**Wat maak jou hartseer?** Mense wat van my skinder.  
**Wat maak jou gelukkig?** Familie.  
**Kies een woord:**  
**Kos:** Warm  
**Seisoen:** Winter  
**Ry:** Stadig  
**Vakansie:** Binneland  
**Persoonlikheid:** Ekstrovert.



\*\*\*\*\*

## Boombrokkies



Huilboerboon

Die boom wat nou so mooi by ons jukskeibane blom, is 'n huilboerboon, weeping boerbean (*Schotia brachypetala*). Die dieprooi blomme het soveel oorfloedige nektar, dat dit somer uitdrup. Dit lok dan allerlei insekbestuiwers en 'n hele verskeidenheid voëls.

Die sade kan gerooster en geëet word terwyl die bas vir leerlooierij en ook vir medisyne gebruik kan word.

Die bome kan maklik van saad gekweek word en is pragtig en dekoratief in tuine. Die bome moet egter nie naby 'n oprit geplant word nie, dit kan plaveisel oplik en op voertuie "huil".



Huilboerboonblomme

*Leonora*

## Veels geluk met jou B-graad



Negester wens vir Mpho Maake baie geluk met die verwerwing van haar sekuriteits B-graad! Ons is bevoorreg om die toegewyde Mpho by ons hooftek te kan hê as 'n sekuriteitsbeampte.



Negester inwoners

~~~~~  
 Ouma se geheime resep se naam vir Voorbroodjies is ...Antw: Roosterkoek  
 ~~~~~

# Deur my Negester kameranens

“Memories” vasgevang in ’n foto vir eendag se onthou . . .




Deel ook j u “memories” met die inwoners.

# KOM NEEM DEEL






## Blokraaisel

### DWARS

- 1 Besoek Vrydae die sorgsentrum?
- 2 Lukas Marakalala se gunsteling sportsoort?
- 3 Sy-aan-sy langs mekaar, soos twee trekosse onder dieselfde juk?
- 6 Hengelkoördineerder?
- 7 Wie se man, wat water raakgeboor het, is op Negester?
- 9 Watter uitgawe van Sterreilig het verlede maand verskyn?
- 13 Boereraat om die bloed te stop?



### AF

- 2 Plectranthus Verticillatus?
- 3 
- ? 
- 4
- ? 
- 5 Die plant skei 'n chemiese stof, Saponin, af wat muskiete verdryf?
- 8
- ? 
- 10 Sameroeper van tafeltennis?
- 11 Gedurende dié maand gaan die son nooit ondergaan by Nordkapp nie?
- 12 Wie wen die koek? 

### Die redaksie sê dankie:

Baie dankie aan die outeur van al ons geliefde kat-artikels, wat maandeliks verskyn het. Jy het telkens die vraag: "Waarom en waartoe leef ons?" met jou vertellings positief beantwoord: Ons is geskep met ons gesig in die rigting van God gedraai." Geniet jou ruskans en die vrye tyd om meer muise te jag. Die lesers gaan jou mis Kattie. Ons sien uit daarna om weer spoedig van jou te hoor. Ons skud jou skrywerspoot.... tot later. Miaau



Baie geluk aan ons wenners!!

Neem 'n foto van die voltooide blokraai en Whatsapp na 0824604570. Onthou om jou naam en huisnommer by te voeg.



\*\*\*\*\*

## SPORT/ONTSPANNING

Tyd	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
06:00 – 06:45				Manne bid-uur	
7:30 – 9:30	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei
8:00 – 9:00	Biokinetika	Pilates		Biokinetika	Pilates
10:00 – 11:00			Lyndans		
14:00 – 16:00		Naaldwerk			
15:00 – 15:30	Water aërobies			Water aërobies	
15:00 – 17:00		Tafeltennis		Tafeltennis	

**Sameroepers: Laat weet asb. vir Sterrelig indien tye van aktiwiteite verander.**




\*\*\*\*\*

# Leer ken Negester Slange

Werner

Niemand kan seker 'n fout maak om 'n luislang of pofadder te identifiseer nie, daar is egter baie van ons kleiner slangsoorte wat nie so maklik geëien kan word nie. Afgesien van die geweldige variasie van vorm, grootte en kleur, moet die skubbe / skilde op die kop en die lyf ondersoek word en dit is nie so maklik op 'n wriemelende en byterige slang nie. Die herpetoloog verkies dus 'n dooie of dalk 'n verdoofde eksemplaar. (Daar is 'n ou Boereraat vir die soort verdowing, maar dan moet jy pyp rook.)



Vurkmerksandslang  
Uit: Harmless Snakes of the Transvaal  
deur N H G Jacobsen and W D Haacke

Ek is glad nie ten gunste daarvan om 'n dier dood te maak om dit te identifiseer nie en hou ook glad nie van die gebruik om slange, trouens enige dier, gevange te hou nie. Ter wille egter van die wetenskap, kan mens nie daarsonder nie.

Op die plaas het ons gevolglik 'n groterige ongebruikte vistenk vir die doel gehad.

Leonora en Jacobus, die tuinhulp, het op 'n dag daarin geslaag om 'n sandslang/grasslang/sweepslang/skaapsteker in 'n emmer te jaag en dit in die vistenk vir waarneming te plaas.

Sandslange en hulle verwante soorte behoort aan die groter groep slange waarvan die giftande agter in die bek sit en word met uitsondering van die boomslang en takslang / voëlslang, as skadeloos en semi-giftig beskou, juis omdat die gif net effektief op hul prooi, wat maar klein is, inwerk. Verder is hulle baie slank en kan vinnig beweeg en is selde langer as 'n voet of drie.

Na deeglike ondersoek en die nodige naslaanwerk, is die slang in die vistenk as *Psammophis sibilans trinasalis* Werner, geïdentifiseer. Werner is natuurlik die man wat dit aanvanklik beskryf het en so is ons slang gedoop – alle diere moet tog benaam word. Werner het ook in ander bronne ander name soos, vurkmerkslang, vurkmerksandslang en Werner se sandslang. Die kenmerkende vurkmerk op sy kop wat so duidelik in U de V Pienaar se boek, *The Reptiles of the Kruger National Park* geïllustreer is, het die deurslag in sy identifikasie gegee.



Die Vurkmerkslang se kop

Deel van die proefneming was natuurlik om vas te stel waaruit Werner se dieet bestaan en hoe hy sy prooi hanteer.

Wanneer ons jongste seun Josias van die skool af gekom het, het hy dadelik vir Werner gaan haal en dié het nuuskierig onder sy hemp rondgeseil en in sy sakke gevroetel.

Sy voorkeur vir akkedis maaltye het 'n einde aan die onderneming gebring, want hierdie diertjies was ook welkom in en om ons huis. Na sy vrylating het hy hom in die veld tussen die huis en die werkwinkel tuisgemaak waar ek hom soms raakgeloop het. Soos alle reptiele was hy lief vir die son en sou jy hom versigtig nader, kon jy hom maklik vir 'n geselsie optel en weer neersit.

Uit: *The Reptiles of the Kruger National Park* deur U de V Pienaar

-Vis Visagie-

**DIREKTEUR:** Johan van Heerden

## SPORT

Sameroeper: Vakant  
 Fietsry: Stephanie de Haas  
 Tennis: Wilna van Zyl  
 Rolbal: Leon Raath  
 Gholf: Coenie Louw  
 Jukskei: Hannes du Plessis  
 Putt-Putt: Chris Rademan  
 Tafeltennis: Piet van Zyl  
 Pilates: Trish Fitzpatrick  
 Biokinetika: Hannie Schoeman  
 Visvang: Cassie Walkers  
 Wataerobics: Charlotte Burger

## FINANSIES, BEGROTING, BEPLANNING EN ADMINISTRASIE

**Direkteur:** Johan van Heerden, Chris Schoeman  
 Sameroeper: Chris Schoeman  
 Lede: Flip Snyders; Koos Burger  
 Johan van Heerden; Allen Wesson

## OMGEWING

Sameroeper: Arrie Schreiber  
 Notuleerder: Evelyn Schreiber  
 Voëlklub: Gerhard Vosloo  
 Plante: Johan Heydenrych, Leonora Visagie  
 Diere: Hannes du Plessis, Pieter Olivier, Des van Heerden  
 Terrein: André Greyling, Ellis van der Merwe

**DIREKTEUR:**

## SOSIAAL

Sameroeper: Derek Grobler  
 Lyndans: Annette Swart  
 Biblioteek: Mary-Ann Venter  
 Handwerk: Rita Coetzee  
 Markdag: Annatjie Ras  
 Kampeer (Skopsuile): Dawid Appel  
 Wyngilde: Alida Meyer

## SORGDIENSTE

**KOMITEE** Alle direksielede

Sameroeper: Annatjie Moore  
 Sorgsentrum: Sr Delia Venter  
 Lede: Hannie Schoeman, Hennie de Wet, Herklaas Viljoen.

## ONDERSTEUNING (Lief en Leed)

Sameroeper: Vakant.  
 Ondersteuning: Vakant.  
 KANSA: Nellie Buitendag.  
 Geestelike ondersteuning: Herklaas Viljoen

## KOMMUNIKASIE

### STERRELIG

Redakteur: Ria Fourie  
 Lede: Henk Kruger; Albert Behrens, Sandra Kemp; Gusta Hoare, Annamarië Krüger  
 Fotografe: Albert Behrens  
 Bemarking: Nellie Buitendag  
 Finansies: Nellie Buitendag

**WEBBLADSY:** Angus Hughes

## BYBELSTUDIE

**Manne Bybelstudie:**

Sameroeper: Dawie van Niekerk

**DIREKTEUR:** Thinus Roos

## VEILIGHEID EN SEKURITEIT

Sameroeper: Ben Meyer  
 Lede: Neville Hoare, Roelf Venter, Gerhard Pretorius, Thinus Roos, Dawie van Niekerk

## ESTETIESE KOMITEE

**Direkteur:** Thinus Roos

Lede: Dawie van Niekerk; Wynand Theron

MST:

## INSTANDHOUDING-ADVIESKOMITEE

Sameroeper: Dawie van Niekerk  
 Lede: Johan Marx, Nellie Buitendag, Dries Schoeman.

## DIREKSIE-ADVIESKOMITEE

Sameroeper: Chris Schoeman  
 Regsadviseurs: André Barnard  
 Lid: Willie Steenkamp



BELANGSTELLENDEN WORD UITGENOOI OM DEEL TE WORD VAN DIE ONDERSKEIE GROEPERINGS WAAR DAAR VAKATURES IS. KONTAK ASB DIE BETROKKE DIREKTEUR OF SAMEROEPER.